

# Need an amazing tutor?

[www.teachme2.com/matric](http://www.teachme2.com/matric)



Collected and collated by

**teachme2**



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE**

**NOVEMBER 2024**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 200**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 15 bladsye.**

**AFDELING A****VRAAG 1****1.1 Meervoudigekeuse-vrae**

1.1.1	C ✓✓		
1.1.2	B ✓✓		
1.1.3	B ✓✓		
1.1.4	A ✓✓		
1.1.5	D ✓✓		
1.1.6	C ✓✓		
1.1.7	A ✓✓		
1.1.8	B ✓✓		
1.1.9	C ✓✓		
1.1.10	A ✓✓	(10 x 2)	(20)

**1.2 Pasitems**

1.2.1	E ✓✓		
1.2.2	A ✓✓		
1.2.3	J ✓✓		
1.2.4	C ✓✓		
1.2.5	G ✓✓		
1.2.6	B ✓✓		
1.2.7	I ✓✓		
1.2.8	H ✓✓		
1.2.9	F ✓✓		
1.2.10	L ✓✓	(10 x 2)	(20)

**1.3 Landboukundige Terme**

1.3.1	Reënval / Reën ✓		
1.3.2	Bodemopname / Grond evaluasie ✓		
1.3.3	Plaashek bemarking ✓		
1.3.4	Stoor / Storing ✓		
1.3.5	Inkomstestaat ✓	(5 x 1)	(5)

**1.4 Onderstreepte Woorde**

1.4.1	Deklaagbewerking/'mulch' ✓		
1.4.2	Prys ✓		
1.4.3	Koördinasie ✓		
1.4.4	Fermentasie ✓		
1.4.5	Datum ✓	(5 x 1)	(5)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B****VRAAG 2: FISIESE PLAASBEPLANNING****2.1 Topografie en helling****2.1.1 Beskryf helling vir plantproduksie**

- Dit is 'n matige helling ✓ – met beperkte gebruik vir plantproduksie ✓
- Dit is 'n matige helling ✓ – aangeplante weiding en bosbou. ✓

(Enige 1 x 2) (2)

**2.1.2 Noem TWEE maatreëls om area te verbeter**

- Skep kontoerwalle ✓
- Skep terrasse ✓
- Strookverbouing ✓
- Plant teen die helling ✓

(Enige 2) (2)

**2.2 Grondgesondheid en struktureienskappe****2.2.1 Noem TWEE boerderypraktike om grondgesondheid te verbeter**

- Deklaagbewerking ✓
- Wisselbou ✓
- Voeg organiese materiaal by ✓
- Gebruik die regte boerderymetodes ✓
- Geen gebruik van chemikalieë ✓

(Enige 2) (2)

**2.2.2 Beskryf die eienskappe van 'n enkelkorrel grondstruktuur**

- Is gewoonlik los ✓
- Laag in nutriënte ✓
- Swak waterkapasiteit / watervashou vermoë ✓
- Hoë waterinfiltrasie ✓
- Goeie deurlugting ✓

(Enige 2) (2)


**2.2.3 Verduidelik die effek van die blokagtige struktuur op bewerkbaarheid**

- Is moeilik om te bewerk ✓ want die grondpartikels is dig teen mekaar gepak ✓

(2)

## 2.3 Grondtemperatuur

### 2.3.1 Teken dubbelstaafgrafiek van die grondtemperatuur lesings



#### Rubriek

- Regte opskrif ✓
  - Korrekte tipe grafiek (Dubbel staafgrafiek) ✓
  - Alle oppervlak stawe korrek en sleutel ✓
  - Alle 20 cm diep stawe korrek en sleutel ✓
- (4)

### 2.3.2 Beskryf kortliks die tendens van temperatuur op oppervlak

- Temperatuur variasie is hoog ✓
  - Begin laag, word warmer en koel dan weer af ✓
  - Temperatuur neem toe tot 14:00 en neem dan weer af ✓
- (Enige 1) (1)

### 2.3.3 Noem TWEE praktyke om temperatuurskommeling te verminder

- Deklaagbewerking ✓
  - Skep skaduwee ✓
  - Besproeiing ✓
- (Enige 2) (2)

### 2.3.4 Lei die optimale tydgleuf vir plantgroei

- 11:00 – 18:00 ✓✓
- (Enige tydgleuf binne die tydgleuf) (2)

## 2.4 Menslike hulpbronne en invloed op produktiwiteit

### 2.4.1 Evalueer die aksies geneem rakende die werker

- Die aksie om die werker te verwyder was korrek ✓
- (1)

#### Regverdiging

- Gesondheidspraktisyn moet eers die gesondheid van die werker assessee ✓
  - Is dit moontlik om siektes oor te dra deur voedsel ✓
  - Siekte kan versprei na ander werkers ✓
- (Enige 1) (1)

**2.4.2 Noem aansteeklike siekte**

- Tuberkulose / TB ✓
- Verkoue ✓
- COVID ✓

(Enige 1) (1)

**2.4.3 Besluit geneem vir werker met MIV-positiewe status**

- Nee ✓

**Rede**

- MIV kan nie deur voedsel oorgedra word van een persoon na 'n ander ✓
- Die prosesse gebruik vir prosessering raak ontslae van enige biologiese kontaminasie ✓

(Enige 1 rede) (1)

**2.5 Noem belangrike faktore wat bank in ag neem om krediet te gee**

- Vermoë om die lening terug te betaal / is die aansoeker solvent ✓
- Aanvullende sekuriteit (kollateraal) beskikbaar gestel deur die applikant ✓
- Die aansoeker se kredietwaardigheid / kredietstelling ✓
- Die tipe belegging waarvoor krediet benodig word ✓
- Risiko verbonde aan die belegging deur die boer ✓

(Enige 2) (2)

**2.6 Plantegroei vir weiding****2.6.1 Berekening van weiding beskikbaarheid**

- Verlore weiding = (weiding geproduseer x verlore weidingsfaktor)  
= (4 200 kg x 0,4)  
= 1 680 kg ✓

$$\begin{aligned}\text{Weiding beskikbaar} &= \text{weiding geproduseer} - \text{verlore weiding} \\ &= 4\,200 \text{ kg} - 1\,680 \text{ kg (CA)} \checkmark \\ &= 2\,520 \text{ kg} \checkmark\end{aligned}$$

**OF**

- Weiding beskikbaar = weiding geproduseer –  
(weiding geproduseer x verlore weidingsfaktor)  
= 4 200 kg – ✓ (4 200 kg x 0,4) ✓  
= 4 200 kg – 1680 kg  
= 2 520 kg ✓

**OF**

- Weiding beskikbaar = weiding geproduseer x beskikbare weidingsfaktor  
= 4 200 kg x 0,6 ✓✓  
= 2 520 kg ✓

(3)

**2.6.2 Berekening van die aantal diere**

- Aantal diere = weiding beskikbaar ÷ weidingsvereistes  
= 2 520 kg (CA) ÷ 10,55 kg/dier/dag ✓  
= 238,86  
= 238 ✓✓ beeste/dag

(3)

**2.7 Gronddegradasie****2.7.1 Gee ander voorbeelde van gronddegradasie**

- A – gronderosie / korsvorming / kompaktering van grond ✓
- B – versuring / voedingstofwanbalans / verlore beskikbare nutriënte ✓
- C – vermindering in mikro-organismes / verlies aan koolstof / besoedeling deur natuurlike afvalprodukte / oorgroei van mikro-organismes ✓ (3)

**2.7.2 Noem TWEE landbou praktike wat gronddegradasie veroorsaak**

- Gebruik van swaar masjinerie ✓
- Oorgebruik van chemiese stowwe ✓
- Oorbeweiding ✓
- Monokultuur ✓
- Swak bewerkingspraktike ✓
- Oorbesproeiing ✓
- Aanhoudende bewerking op dieselfde diepte ✓ (Enige 2) (2)

**2.7.3 Stel TWEE beheermaatreëls voor vir oppervlaktwater afloop**

- Deklaagbewerking ✓
- Dekgewasse ✓
- Kontoerbewerking ✓
- Terrasse ✓
- Geenbewerking ✓
- Kontoerwalle / riwwe ✓
- Gebruik beheerde besproeiing ✓ (Enige 2) (2)

**2.8 Presisie boerdery****2.8.1 Identifiseer intensiewe produksie metode**

- Presisie boerdery ✓ (1)

**2.8.2 Identifiseer tegnologiese toerusting gebruik met aanplant van gewasse**

- Globale Posisioneringstelsel (GPS) ✓
- Geografiese Inligtingstelsel (GIS) ✓ (2)

**2.8.3 Bespreek TWEE faktore wat die tipe tegnologie bepaal**

- Die inkomstepotensiaal van 'n boerdery onderneming ✓ – hoër inkomste ondernemings kan bekostig om duur tegnologie aan te koop ✓
- Aard van die boerderymetode / tipe gewas ✓ – intensiewe of hoë insetstelsels benodig meer gevorderde tegnologie ✓
- Skaal van boerderystelsel ✓ – grootskaalse boerderystelsels benodig meer masjinerie en tegnologie ✓
- Die topografie van die plaas ✓ – tegnologie moet pas by die area wat bewerk word ✓ (Enige 2 x 2) (4)

**2.9 Agritoerisme bemarking en bydra****2.9.1 Noem TWEE maniere hoe agritoerisme bemark kan word**

- Adverteer op verskillende gedrukte media ✓
- Promosies ✓
- Toeragente ✓
- Adverteer op verskillende elektroniese media platforms ✓
- Radio / TV-advertensies ✓
- Reklamebord ✓

(Enige 2) (2)

**2.9.2 Dui agritoerisme se bydra tot die waarde van die boerdery onderneming aan**

- Verbetering in fasiliteitete en infrastruktuur ✓
- Vermeerder inkomste ✓
- Diversifisering verminder risiko's ✓
- Vermeerder bemarkingswaarde van die grond ✓

(Enige 2) (2)  
**[50]**



**VRAAG 3: BESIGHEIDSBEPANNING, ENTREPRENEURSKAP, BEMARKING. PRYSBEPALING EN DIE BESTUURSPROSES**

**3.1 Besigheidsplan**

**3.1.1 Noem missiestelling**

- Korttermyn doelwitte ✓ (1)

**3.1.2 Noem visiestelling**

- Langtermyn doelwitte ✓ (1)

**3.1.3 Bespreek redes vir ontwikkeling van 'n besigheidsplan**

Besigheidsplan:

- Toets die uitvoerbaarheid ✓ van die besigheidsidee ✓
- Toets die lewensvatbaarheid ✓ van die besigheidsidee ✓
- Bepaal die finansiële behoeftes ✓ deur samestelling van 'n begroting ✓
- Aansoek vir kapitaal ✓ van finansiële instellings ✓
- Bepaal daaglikse aktiwiteite ✓ as deel van produksieplan ✓
- Posisie van die onderneming – huidiglik – toekoms ✓ en hoe om daar te kom ✓
- Bekom kennis van bemarking ✓ wat relevant is tot die onderneming ✓

(Enige 2 x 2) (4)

**3.2 Noem die aspekte vir marknavorsing**

- Bemarkingsdinamiek, patrone en seisoensgebondenheid ✓
- Verbruikers – demografie ✓
- Marksegmente ✓
- Teikenmark ✓
- Verbruiker behoeftes / voorkeure / besluite ✓
- Soortgelyke produkte – of kompetisie in die mark ✓
- Huidige verkope in die industrie ✓
- Norme in die industrie ✓
- Betroubare verskaffers ✓

(Enige 3) (3)

### 3.3 Scenario – Moringa-bome

#### 3.3.1 Identifiseer eienskappe van 'n entrepreneur vanuit die scenario

- Wil 'n nuwe besigheid begin ✓
  - Visionêr / kreatief ✓
  - In staat om 'n besigheidsgeleentheid raak te sien ✓
  - Ondersoekende vaardighede ✓
  - Daarstel van nuwe / unieke produkte ✓
  - Bereid om risiko's te neem ✓
- (Enige 3) (3)

#### 3.3.2 Motiveer die redes vir waardetoevoegingsgeleenthede

- “kan gekook of fyngedruk word”
  - “kan gestoor word as droë poeier vir verskeie maande sonder die verlies van voedingswaarde” ✓
- (Any 1) (1)

#### 3.3.3 Dui diversifiseer of spesialiseer aan

- Diversifiseer ✓
- Motiveer**
- Die boer, boer met graan en plant Moringa bome, wat beteken dat die boer diversifiseer ✓
  - Die boer, boer met twee verskillende gewasse ✓
- (Enige 1) (1)

#### 3.4 Noem DRIE voordele van produk spesialisasie

- Minder uitgawes in die aankoop van ander implemente ✓
  - Ongekompliseerde bestuur ✓
  - Vaste markte ✓
  - Verhoog produktiviteit ✓
- (3)

#### 3.5 Noem VIER bestuursbeginsels

- Beplanning ✓
  - Organiserings ✓
  - Motivering / Leierskap ✓
  - Koördinering ✓
  - Kontrole ✓
- (Enige 4) (4)

#### 3.6 Noem redes om aan produkorganisasies te behoort

Produkorganisasies:

- Onderhandel kredietterme met banke namens die boere ✓
  - Organiseer insette en onderhandel korting namens die boere ✓
  - Organiseer markte vir boere ✓
  - Voorsien tegniese/wetenskaplike vaardighede aan die boere ✓
  - Voorsien mark informasie / inligting ✓
  - Adverteer en promoveer landbouprodukte ✓
- (Enige 3) (3)

**3.7 Vraag en aanbod****3.7.1 Identifiseer ewewigsprys**

- R80 ✓/kg ✓

**OF**

- Tagtig rand ✓ per kilogram ✓ (✓ vir montêre waarde en ✓ vir eenheid) (2)

**3.7.2 Verduidelik die waarde van die ewewigsprys**

- By ewewigsprys is die prys wat die koper wil betaal presies dieselfde prys as wat die verkoper bereid is om te aanvaar, ✓ dit maak die prys aanvaarbaar ✓
- Dit is die enigste volhoubare prys ✓ waar aanvraag gelyk is aan aanbod ✓
- Hierdie prys is volhoubaar ✓, want die aantal wat verbruikers wil koop is gelyk aan die aantal verskaf deur die produseerders ✓
- By hierdie prys sal daar geen oorskot ✓ of tekort ✓ van die produk op die mark wees nie (Enige 1 x 2) (2)

**3.7.3 Verduidelik kortliks die tekort aan produk**

- Verbruikers koop meer as die prys laag is ✓
- Boere verskaf / bemark minder van die produk as die prys laag is ✓
- Politieke onstabiliteit / politieke faktore kan bemerking voorkom ✓
- Natuur rampe / hael / vloede / droogte kan produkte vernietig ✓
- Seisoenale opbrengs kan lei tot tekorte in ander seisoene ✓
- Logistiek / vervoer / invoer probleme kan vertraging in die mark veroorsaak ✓ (Enige 2) (2)

**3.7.4 Stel oplossings voor vir die voorkoming van tekorte in landbou produkte**

- Verander plant- en oesdatums, ✓ om genoeg produkte te voorsien in periodes van tekorte ✓
- Vermeerder insette ✓ om meer produkte te bekom ✓
- Plant in verskillende streke ✓ om verskillende oestye te hê ✓
- Plant verskillende kultivars ✓ wat hoër opbrengste lewer ✓
- Maak gebruik van kweekhuise ✓ om meer produkte deur die jaar te produseer (Enige 1 x 2) (2)

**3.8 Kies 'n woord van die woordlys vir bemerkingsketting**

- 3.8.1 produk ✓ (1)
- 3.8.2 verbruiker ✓ (1)
- 3.8.3 hoër ✓ (1)
- 3.8.4 kompetisie ✓ (1)
- 3.8.5 wins ✓ (1)

### 3.9 Bemarking by veiling

#### 3.9.1 Verduidelik die keuse van 'n veiling i.p.v. internetbemarking

- Die boer kan die regte lewendige dier sien ✓, teenoor net 'n foto ✓
- Die boer kan die dier in aksie sien ✓ loop rond, kry 'n idee van die dier se temperament, ens. ✓
- Die dier kan met ander diere op die veiling vergelyk word ✓ en die boer kan die beste aankoop doen ✓
- Foto's op die internet ✓ kan elektronies verander word ✓
- Die finansiële transaksie is veilig, ✓ die boer kry die dier waarvoor betaal is ✓

(Enige 2 x 2) (4)

#### 3.9.2 Bereken geld ontvang van verkoopprijs

- Geld ontvang = Verkoopprijs – (Verkoopprijs x Veilingsfooi %)  
= R50 000,00 – ✓ (R50 000,00 x 5% ✓) ✓  
= R50 000,00 – (R2 500,00)  
= R47 500,00 ✓

**OF**

- Veiling koste = Verkoopprijs x Veilingfooi  
= R50 000,00 x 5% ✓  
= R2 500,00 ✓

$$\begin{aligned}\text{Geld ontvang} &= \text{Verkoopprijs} - \text{Veiling koste} \\ &= \text{R50 000,00} - \text{✓ R2 500,00} \\ &= \text{R47 500,00} \text{ ✓}\end{aligned}$$

**OF**

- Geld ontvang = Verkoopprijs x Veiling % ontvang  
= R50 000,00 x ✓ 95% ✓ ✓  
= R47 500,00 ✓

(4)

**3.10 Wet op Gesondheid en Veiligheid****3.10.1 Noem die Wet**

- Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid ✓ (1)

**3.10.2 Noem seisoenale of geleentheidswerker en motiveer**

- Seisoenale werker ✓
  - Seisoenale werker werk net vir die voor-oes periode elke seisoen/jaar
- OF**
- Geleentheidswerker ✓
  - 'n Geleentheidswerker begin 'n spesifieke projek op die plaas, maak die werk klaar en kom nie seisoenaal of jaarliks terug nie ✓
- (kan net EEN keuse wees) (2)

**3.10.3 Noem EEN verbetering aan beskermende kleredrag**

- Oorpak om persoonlike klere te beskerm in plaas van 'n voorskoot ✓
  - Oorpluisies kan ook voorsien word ✓
  - Vol gesig masker/skerm om die vel op die gesig te beskerm in plaas van net brille vir die oë ✓
  - Respirator om die lug te suiwer in plaas van 'n masker ✓
  - Stewels in plaas van skoene ✓
- (Enige 1) (1)  
**[50]**

**VRAAG 4: FINANSIËLE BEPLANNING, REKORDHOUDING, OES, WAARDETOEVOEGING EN VERPAKKING****4.1 Begroting****4.1.1 Beskryf geheelplaasbegroting**

- Opsomming van al die verskillende vertakkings / afdelings ✓
- van die plaas onderneming as geheel ✓ (2)

**4.1.2 Noem belangrike aspekte van insette**

- Tipe insette ✓
- Hoeveelheid/aantal insette benodig ✓
- Prys van die inset ✓
- Tyd wat die inset benodig word ✓ (Enige 3) (3)

**4.2 Finansiële beplanning****4.2.1 Verduidelik bruto wins**

- Bruto wins is verkope(inkomste) minus die koste van verkope ✓✓
- Bruto wins is omset minus direkte koste ✓✓
- Bruto wins is die verkoopprys van jou produk minus die produksie koste van die produk ✓✓ (Enige 1 x 2) (2)

**4.2.2 Verduidelik netto wins**

- Netto wins is bruto wins minus indirekte koste ✓✓
- Geld wat oorbly na alle uitgawes afgetrek is ✓✓ (Enige 1 x 2) (2)

**4.3 State****4.3.1 Noem tipe staat**

- Balansstaat ✓ (1)

**4.3.2 Bereken waarde**

- (a) R3 062 000,00 ✓
- (b) R2 712 000,00 ✓
- (c) R350 000,00 ✓ (CA)
- (d) R3 062 000,00 ✓ (4)

**4.3.3 Evalueer groeiende potensiaal**

- Onderneming groei ✓ (1)

**Rede**

- Die netto waarde is meer ✓
- Bates is meer as die laste ✓
- Eienaarsbelang sal groei ✓
- Kapitaal in die bank sal groei ✓ (Enige 2) (2)

**4.3.4 Gee redes vir geen plaaswaarde**

- Die persoon huur die plaas ✓✓
- Die persoon besit nie die plaas nie ✓✓

(Enige 1 x 2) (2)

**4.4 Beskryf tipe meganiese rekords**

- Datum van diens / datum wanneer herstelwerk gedoen is / frekwensie van herstelwerk ✓
- Koste van onderhoud / diens ✓
- Brandstofverbruik vir elke rit ✓
- Logboek om afstand aan te dui ✓
- Jaarlikse waardevermindering van die voertuig ✓

(Enige 4) (4)

**4.5 Noem die brondokumente vir lewendehawe boere**

- Faktuur ✓
- Kwitansie ✓
- Bank staat ✓
- Dagboek ✓
- Debiet nota ✓
- Krediet nota ✓
- Tjeks ✓
- Elektroniese fondsoordrag(EFO)-kennisgewing ✓
- Depositostrokie ✓
- Inventaris ✓

(Enige 4) (4)

**4.6 Dui veiligheidsmaatreëls aan vir elektroniese betalings**

- Gebruik geldige webwerwe ✓
- Gebruik 'n unieke persoonlike identifikasienommer (PIN) ✓
- Gebruik jou persoonlike biometrie / kenmerke vir herkenning ✓
- Gebruik 'n Gebruikersnaam ("Username") wat ooreenstem met die wagwoord ("Password") ✓
- Gebruik 'n Wagwoord ("Password") volgens voorgeskrewe riglyne ✓
- Installeer antivirus en "phishing"-program ✓
- Rapporteer enige verdagte transaksies op jou rekening ✓
- Teken af "Logoff" nadat transaksies gedoen is ✓

(Enige 4) (4)

**4.7 Noem die aspekte wanneer rou diereprodukte gegradeer word**

- Massa / grootte ✓
- Vet inhoud ✓
- Lengte ✓
- Voorkoms – fynheid / kartelling / kleur / vorm / stapelvorming / kneusing ✓
- Ouderdom ✓
- Kwaliteit - skoon opbrengs / sagtheid / treksterkte ✓

(Enige 4) (4)

**4.8 Bespreek die nadele van prosessering**

- Moeilik om kapitaal te bekom ✓ vir nuwe industrie of uitbreiding ✓
- Nuwe produk moet kompeteer ✓ met gevestigde produk ✓
- Kennis en kundigheid ✓ van boer nie genoegsaam nie ✓
- Voeg meer bestuurswerk vir die boer by ✓ as gevolg van nuwe ontwikkelings ✓
- Geboue kan areas vir produksie oorneem ✓ dus minder produkte ✓
- Duur ✓ as die boer 'n lening moet aangaan om uit te brei ✓
- Produkte kan smaak / voedingswaarde / voorkoms verloor ✓ as gevolg van verwerkingsproses ✓
- Verwerking is tydrowend, ✓ wat sal lei tot stygings in koste ✓ (Enige 2 x 2) (4)

**4.9 Name die aspekte wat vorm van verpakkingsmateriaal beïnvloed**

- Tipe materiaal ✓
- Doel van die houer ✓
- Tipe / vorm / grootte van produk ✓
- Koste implikasies ✓
- Gereedskap benodig ✓
- Is die verpakking doelgemaak ✓
- of gevorm by verpakkingslyn ✓ (Enige 3) (3)

**4.10 Gee die redes vir etikettering**

- Identifiseer produk ✓
- Bevat spesifieke informasie ✓
- Om verbruikers vertroue in die produk te kry ✓
- Om die verbruiker in te lig ✓
- Om aandag op die produk te vestig ✓
- Om te help met voorraad opname ✓
- Wetlike vereistes ✓
- Indentifiseer maatskappy / naspeurbaarheid ✓ (Enige 4) (4)

**4.11 Beskryf die voordele van goeie landboukundige praktyke**

- Finansiële voordeel vir die produsent ✓
  - Verbruiker kry 'n kwaliteit produk ✓
  - Moontlike verspreiding van peste en siektes word uitgeskakel ✓
  - Chemiese besoedeling word uitgeskakel ✓
  - Moontlike allergieë word verhoed ✓
  - Bepierking van produkte wat siektes veroorsaak ✓
  - Bepierking van koste om slegte produkte te hanteer ✓ (Enige 4) (4)
- [50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**  
**GROOTTOTAAL: 200**